

BEGRAWE OF VERAS

1. INLEIDING

1.1. Aktueel

- Al hoe meer mense laat hulle veras
- Kerke van gereformeerde aard het al gedenkmure vir as van lyke op die kerkerrein.
- Baie vrae by huisbesoek

1.2. Gaan nie oor noodsituasies waar daar nie die opsie van begrafnis is nie, bv. in lande waar daar nie meer plek vir begraafplase is nie, of in oorlog- of rampsituasies waar om medies-higiëniese redes vinnig van 'n groot getal dooie liggame ontslae geraak moet word, of oor mense wat buite hulle eie toedoen verbrand (soos bv. in 'n motorongeluk of ander brand) nie.

Gaan oor doelbewuste verassing waar begrafnis wel ook nog moontlik is.

1.3. Probeer uit Bybel lig kry – deel van Bybelse Toerustingsprogram. Wil vanaand weer vir u sê: kom kyk self in die Skrif!

2. GEBRUIK VAN BYBEL

2.1. Nêrens 'n direkte uitspraak oor die vraag of 'n mens moet begrawe of mag veras nie.

2.2. Daar is wel gegewens wat as gewiggies op 'n skaal uiteindelik die skaal na 'n sekere kant toe laat kantel, gegewens wat ons by wyse van geldige afleiding uit die Skrif verkry. (Vgl. Totius se uitspraak: as ons nie 'n teks het nie, het ons nog altyd die hele Bybel. So het kerk ook maar gewerk by sake soos die kinderdoop, vroue-nagmaal, drieënhedsleer, ens.)

3. GEWIG VIR BEGRAWE

3.1. Die konsekwente voorbeeld van gelowiges in die Ou en Nuwe Testament, bv.:

- Die aartsvaders en die moeite wat hulle vir begrafnis gedoen het (Gen. 23; 49:29-32). Selfs die plek waar hulle begrawe sou word was vir hulle belangrik. Die Here self reël dit so (Gen. 15:15).
- Josef (Gen. 50:24-25; Ex. 13:19; Jos. 24:32; Heb. 11:22).
- Moses is deur God self begrawe (Deut. 34:6). Daar was selfs 'n stryd tussen Migael die aartsengel en die duiwel oor die (dooie) liggaam van Moses – so belangrik is die liggaam selfs na die dood (Judas: 9).
- Dawid en al die goeie konings (1 Kon. 2:10; 1 Kon. 14:13). Waar God se besondere oordeel egter tref, word mense 'n begrafnis ontsê (1 Kon. 16:3-4; 21:23-24; 2 Kon. 9:10; vgl. ook 2 Kon. 23:15-18; Ps. 79:1-3; Pred. 6:3; Jes. 14:20; Jer. 22:19; 36:30).

- Jesus Christus – beskryf deur al vier evangeliste (Mat. 27:57 e.v.; Mark. 15:42 e.v.; Luk. 23:50 e.v.; Joh. 19:38 e.v.; Hand. 13:29; 1 Kor. 15:4).¹
- 3.2. Die respek vir die liggaam wat ook aan God behoort:
- Die liggaam behoort ook aan God (1 Kor. 6:19-20), selfs in die dood (Rom. 14:8; vgl. ook Heidelbergse Kategismus 1:1). Daarom moet ook die dooie liggaam met respek behandel word.
 - Ons mag nie met ons lewende liggaam maak wat ons wil nie (Lev. 19:28; 21:5; Deut. 14:1; 1 Kor. 6:15), dan sekerlik ook nie met die dooie nie.
 - Christus prys die sorg vir Sy liggaam met die oog op Sy begrafnis aan (Mat. 26:10, 12).
- 3.3. Die simboliek van begrafnis. Die dooie liggaam is die “saadkorrel” waaruit die Here die verheerlikte liggaam sal gee (1 Kor. 15:35-38). Dit maak van begrawe ’n sigbare geloofsdaad. Ons moet mos in al ons lewensuitinge en daarom ook in die manier waarop ons as Christene ons dooies behandel, probeer om ons geloof te laat blyk. Ons leef juis in ’n tyd waarin daar ’n behoefte is aan meer simboliek in ons godsdiens.

4. GEWIG TEEN VERASSING

- 4.1. Daar is geen Bybelse gronde vir of voorbeelde van verassing van gestorwe gelowiges nie (sien ook 6.3).
- 4.2. Vuur, wat mense brand (lewendig of gestorwe), is in die Skrif ’n instrument en teken van God se oordeel oor mense (bv. Gen. 19:24; 38:24; Lev. 20:14; 21:9; Num 16:35; Jos. 6:24; 7:15, 25; 2 Kon. 23:15-18; Jes. 66:24; Mat. 3:17; Mark. 9:43 e.v.; Openb. 20:10, 14),
 en waar mense deur mense verbrand word sonder ’n opdrag van God, keur God en Sy volk dit af (2 Kon. 3:27; Amos 2:1).

5. KONKLUSIE

- 5.1. Daar is oral in die Bybel ’n “positiewe klimaat” by begrafnis en ’n “negatiewe klimaat” by lykverbranding.
- 5.2. Het nie ’n direkte teks nie, maar hierdie gegewens uit die Here se Woord laat die skaal oorhel na begrafnis se kant toe. Daar is ’n verskil tussen ’n “harde” (direkte) bevel van ’n vader en “sagte” advies van ’n vader, maar ’n gehoorsame kind volg altwee. As kind van die Here gaan ek tog in die koers waarvan ek selfs net die geringste aanduiding kry dat dit die Here se weg is. En ek probeer ander gelowiges ook oorreed om dié koers te gaan.
- 5.3. Gelowiges behoort dus begrawe te word waar dit enigsins kan.

¹ Wat met Christus gebeur het, is nie opsigself ’n opdrag aan ons om na te volg nie. Dis bv. nie ’n bevel van die Here dat ons almal geesel en gekruisig moet word nie. Maar die groot sorg wat God die Vader die dooie liggaam van Sy Seun laat kry het, is tog een van die gewiggies in die skaal.

- 5.4. Calvyn sê in sy kommentaar op Luk. 9:60: “... we know that the custom of burying originated in a divine command...”

6. VRAE EN ARGUMENTE BEANTWOORD

- 6.1. “Begrawe of veras het niks met ons geloof te doen nie, en daarom staan dit ’n mens vry om te doen wat jy wil.”
Maar behalwe vir die Bybelse oorwegings hierbo genoem (pt. 3-4), is dit ook ’n feit dat die religieuse oorsprong van verassing in ongeloofsdenke lê², bv.
- Dit kom voort uit die materialistiese lewensbeskouing, nl. dat hierdie lewe en liggaam die een en die al is, dat die dood die totale beëindiging van ’n mens se bestaan is.
 - Dit kom voort uit die heidense beskouing dat die siel goed is, maar die liggaam sleg is, net ’n kerker/gevangenis vir die siel.
 - Kom soms voort uit barbarisme. Wil deur verbranding finaal van die dooie ontslae raak, sodat jy nie meer hoef te vrees dat hy jou na sy dood nog sal bedreig nie. Baie kere is die dooie se weduwee en besittings saam met sy liggaam verbrand.
- 6.2. Beteken dit nou dat mense wat veras is, verdoem is?
Nee, ’n mens se ewige lot word nie bepaal deur wat na jou dood met jou liggaam gebeur nie. Daar is baie mense wat veras word, nie uit ongeloofs-oorwegings nie, maar uit onkunde, ongeërgdheid, misleiding.
- 6.3. Redes waarom selfs gelowige mense hulle in ons tyd laat veras. Let op dat dit alles praktiese redes is, en nie beginsels nie.
- 6.3.1. Verassing is goedkoper as begrafnis.
Is dit ’n feit? Moontlik as jy grafstene se koste ook in berekening bring. Maar duur grafstene is nie noodsaaklik nie. Sober begrafnisse en grafte pas by Christene.
In elk geval, al sou begrafnisse duurder wees, is dit dan deel van die offer wat ’n mens bring om die regte ding te doen. En as gelowiges nie die geld het om vir ’n begrafnis te betaal nie, behoort ons as ’n gemeente hulle daarmee te help.
- 6.3.2. Mense is bang dat hulle lewendig begrawe word.
Met deesdae se gesofistikeerde mediese apparate is doodsdiagnose baie seker. Is ook na drie of vier dae in ’n verkoelings-laai feitlik onmoontlik om nog te leef. Drie of vier dae laat ook tyd vir tekens van dood om duidelik te manifesteer. In elk geval is die risiko ewe groot dat jy lewend veras kan word!
- 6.3.3. Die begraafplase is nie meer veilige plekke vir die nasate wat die graf wil besoek nie.
Dit is sommige plekke so. Maar is besoeke aan begraafplase noodsaaklik?
- 6.3.4. Die grafte word beskadig en geplunder.
Die oplossing vir hierdie probleem is nie om op te hou begrawe nie, maar om grafskending te bekamp. In elk geval sal ons grafte nie vir altyd bly nie. Die kom en

² Sien Bylaag 1

gaan van geslagte en beskawings en die toenemend beperkte ruimte vir begraafplase maak dat grafte tot niet gaan of hergebruik word.

- 6.3.5. Ons liggame gaan in elk geval tot niet. Waarom die proses dan nie maar net verhaas deur verbranding nie?
Daar is 'n verskil tussen 'n liggaam wat deur die natuurprosesse wat God daargestel het, ontbind (vgl. Gen 3:19; Pred. 12:7), en 'n liggaam wat deur onnatuurlike menslike ingryping vernietig word. Daar sit ook in verbranding iets minagtends in; in ons kultuur verbrand ons gewoonlik nuttelose materiaal, nie iets wat ons belangrik ag nie.
- 6.3.6. Dit was die gestorwene se wens om veras te word, en ons moet daaraan voldoen.
Ons voldoen graag aan ander se wense, behalwe wanneer dit met ons geloofsoortuigings bots. Dan behoort ons te doen wat ons glo die Here van ons verwag (Hand. 5:29; Rom. 14:23).
- 6.3.7. Dit was die gestorwene se wens dat sy/haar as op 'n spesiale plek gestrooi moet word, of ons as agtergeblewenes wil graag die gestorwene se as op 'n sekere plek strooi.
Die vraag is: watter betekenis het dit om as op 'n sekere plek te (laat) strooi? Dit raak die gestorwene nie meer nie, want hy/sy is klaar met hierdie aardse lewe en plekke. Indien dit om simboliese redes is (bv. dat die gestorwene baie van die plek gehou het), kan hierdie simboliek op ander maniere ook gedoen word, bv. 'n naamplaatjie iewers opsit.
- 6.4. In 1 Samuel 31:12 lees ons dat die lyke van Saul en sy seuns deur Israeliete verbrand is en in Amos 6:10 lees ons ook van lykverbranding.
Ja, maar 1 Sam. 31 beskryf 'n buitengewone (oorlog)situasie, waarin die Israeliete die verloorders was en begrafnis weer tot teen-aksies (en verdere lykskending) aanleiding kon gee. Dit was in elk geval 'n tyd toe die Israeliete nie geestelik op 'n hoogtepunt was nie. Ook Amos 6:10 praat van 'n noodsituasie wanneer die Here se volk op groot skaal uitgeroei gaan word en normale begrafnisse deur die enkele oorgeblewenes nie moontlik gaan wees nie. "Nood breek wet."
- 6.5. Ou Testamentiese gegewens is nie meer vir ons geldig nie, en daarom is bv. die afkeur van lykverbranding waarvan ons in die OT lees nie meer van belang nie.
Dit is so dat nie alle Ou Testamentiese wette en gegewens meer *direk* op ons van toepassing is nie (sommiges wel nog!), maar tog bly die Ou Testamentiese gegewens ook vir ons openbaring van die karakter en die wil van die Here, wat tog nooit verander nie. Daarom laat ons ons nog steeds leer uit die Ou Testament.
- 6.6. Wat moet ons as Christene maak as daar nie meer begraafplase is nie, of as die besmettingsgevaar van begraafplase te groot word?
- Ons kan vinniger hergebruik van grafte oorweeg.
 - Ons kan metodes navors om die gesondheidsprobleme wat begraafplase kan veroorsaak, te minimaliseer.
 - Dit kan ook gebeur dat ons (bv. in heidense samelewings) bogenoemde oplossings nie sal regkry nie, en dan maar sal moet duld dat ons nie kan doen wat ons eintlik behoort te doen en graag wil doen nie, terwyl ons tog na maniere bly soek om die ideaal uit te leef.

7. TEN SLOTTE

7.1. Ons kerke het geoordeel:

“Die Sinode merk met leedwese op dat lykverbranding toeneem en is van gevoele dat dit nie moet nagevolg word nie en wil daarteen waarsku omdat dit van heidense oorsprong is en in stryd is met die eeue-oue gebruik van begrafnis soos dit voorkom in die Ou en Nuwe Testament.

Verder kan die Christelike kerk hom nie met lykverbranding verenig nie, want met die skynargument dat dit om gesondheidsredes gedoen word, skuil agter lykverbranding ’n materialistiese wêreldbeskouing. Vir die Christen met sy geloof aan die opstanding het die begrafnis die simboliese betekenis dat die liggaam aan die aarde toevertrou word as ’n graankorrel wat eers sterf om later heerliker te voorskyn te kom.”

(Acta 1933:117. Vgl. ook Acta 1952:208 pt. 1 en 1952:216 pt. 1)

7.2. Ons praat nou oor begrawe en veras, want dis die vraag wat in hierdie praatjie beantwoord moet word. Maar onthou dat vir ons as Christene by die dood van ’n medegelowige die gedagtes aan die opstanding van die liggaam en die ewige lewe moet oorheers (ds. Rassie Smit).

7.3. Mooi en volledige artikel van dr. Ton Lindhout oor kremasie te kry by: www.enigstetroos.org/ander.htm

SD (Danie) Snyman
Posbus 3395
Montanapark
0159

Tel. nr. (012) 548-6228